



Die kommentaar van die Afrikanerbond op die voorgestelde regulasies ten aansien van die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012 (Wet nr 12 van 2012) soos gepubliseer op 26 April 2013.

---

### 1) Agtergrond:

Die Freedom Charter soos aangeneem in *Kliptown*, op 26 Junie 1955 verwys na die gebruik van tale soos volg.: Alle mense sal gelyke regte hê om hul eie tale te gebruik, en om hul eie volkskulture en -gewoontes te ontwikkel; *All people shall have equal right to use their own languages, and to develop their own folk culture and customs;*”

Die 34 Grondwetlike Beginsels soos tydens die onderhandelinge vasgestel en ooreengekom is ook in die bepalings van die 1993-Grondwet weergegee en het die regs- en morele ruggraat aan die opstel en geregtelike hersiening van die konsep van die 1996-Grondwet verleen. Grondwetlike beginsel XI *“Die verskeidenheid van taal en kultuur moet erken en beskerm word, en omstandighede vir die bevordering daarvan moet aangemoedig word.”*

Die Finale Grondwet 1996 Wet 108 van 1996 omskryf die amptelike tale en die staat se gebruik daarvan in Artikel 6:

“(1) Die amptelike tale van die Republiek is Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, English, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.

(2) Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van die tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.

(3) (a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.

(b) Munisipaliteite moet die taalgebruik en -voorkeure van hul inwoners in aanmerking neem.

(4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Sonder afbreuk aan die bepalings van subartikel (2) moet alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.”

Die agtergrond is nodig om te verstaan dat al Suid-Afrika se tale op papier die nodige aansien geniet maar dat die regering slegs die minimum doen om sy verpligting na te kom, en weinig doen om tale te bevorder en selfs te beskerm.

### 2) 'n Gulde geleentheid is verlore om taaldiversiteit te erken en te beskerm.

Die Departement van Kuns en Kultuur wat die verantwoordelike departement is om die taalwetgewing, wat al baie lank uitstaande is, daar te stel is ook die departement wat verantwoordelik is vir sosiale kohesie in Suid-Afrika. In sy strategiese raamwerk wat opgestel is vir die Sosiale Kohesie Beraad wat in Junie 2012 plaasgevind het word kolonialisme en apartheid blameer vir heelwat aspekte wat sosiale kohesie sou bedreig

het. Onder andere word die volgende gesê: *“It denigrated African languages and Cultures.”*

Hierdie departement wat apartheid en kolonialisme blameer vir die vernedering van swart tale het tot op datum nie veel gedoen om die posisie of te verbeter of te verstewig nie. Inteendeel beide die taalwet en die regulasies verswak die posisies van 10 amptelike tale in Suid-Afrika.

Die regering en die Departement van Kuns en Kultuur se afwysende houding teenoor al die amptelike Suid-Afrikaanse tale word gedemonstreer in die feit dat die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale (Wet 12 van 2012) slegs in Engels en Tshivenda gepubliseer is in die Staatskoerant op 26 April 2013. Die Wet is van krag vanaf 2 Mei 2013.

Die regulasies (Kennisgewing 411 van 2013) oor die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, soos gepubliseer in die Staatskoerant van 26 April 2013, is slegs in Engels gepubliseer. Indien Suid-Afrikaanse Tale so belangrik is soos wat dit voorgehou is as een van die strategiese doelwitte vir Sosiale Kohesie *“The diverse languages, cultures and religions of the society enjoy constitutional protection and the right to development”* het die Departement van Kuns en Kultuur klaaglik misluk in sy taak en opdrag, nie net ten opsigte van die bevordering en beskerming van die amptelike tale nie maar ook ten opsigte van die veelbesproke sosiale kohesie.”

Alhoewel internasionale beginsels neig na die beskerming van veeltaligheid is dit beslis nie in Suid-Afrika die geval nie. Indien die beginsel van veeltaligheid en die bevordering en beskerming van al Suid-Afrika se amptelike tale enigsins 'n prioriteit was vir die regering en die Departement van Kuns en Kultuur sou beide die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale en die verbandhoudende regulasies in ten minste al 11 die amptelike tale gepubliseer gewees het. Die feit is waarskynlik die mees sigbare vorm van disrespek en afwysing teenoor die amptelike tale. Deur die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale slegs in twee tale te publiseer het die regering op 'n amptelike wyse met slegs 12% van die bevolking gekommunikeer in hulle huistaal en deur die regulasies slegs in Engels te publiseer is met 9.6% van die bevolking in hulle huistaal gekommunikeer. Die Departement van Kuns en Kultuur se versuim om die Wet en regulasies in al elf amptelike tale te publiseer het die effek dat ongeveer 88% van die bevolking uitgesluit is van die wet en regulasies en al die potensiaal daar is dat 'n inheemse taalgebruiker dus nie eers weet hoe sy/haar taalregte lyk en hoe die regering met hom/haar gaan kommunikeer nie en gevolglik nie daarop kommentaar kon lewer nie.

Ons moet dus hiermee ons absolute teleurstelling uitspreek dat Engels die taal van voorkeur en daarom die verstektaal van regering, in alle nasionale departemente, nasionale openbare entiteite en nasionale openbare ondernemings geword het.

Vir bevestiging hiervan kan die regering se openbare skakeling na al sy departemente, ministeries en openbare instellings [www.gov.za](http://www.gov.za) besoek word. Die regering se amptelike kommunikasie webwerf by [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za) is eweneens ook net in Engels terwyl die nasionale lugredery SAA se aanlyn bespreking by [www.flysaa.com](http://www.flysaa.com) taalopsies verleen ten gunste van Engels, Mandaryns, Duits, Spaans, Frans, Italiaans Portugees en Japanees. Nie een ander Suid-Afrikaanse amptelike taal word hier geakkommodeer nie.

Engels word ver bo sy vermoë bevorder terwyl dit maar die 4e grootste taal in Suid-Afrika is (Volgens Sensus 2011 - sien onder) Al die ander amptelike tale word deur die

staatsdiens negeer en afgeskeep. Apartheid is nie meer die sonder nie. Die regering se beleid van verengelsing werk uiters negatief in op al Suid-Afrika se tale en is waarskynlik nou die grootste bydraende faktor in die agteruitgang van al die ander tale.

*Sensus 2011 - Amptelike tale*

IsiZulu	22.70%	11,751,917
IsiXhosa	16%	8,283,290
Afrikaans	13.50%	6,989,026
Engels	9.60%	4,969,974
Sepedi	9.10%	4,711,121
Setswana	8%	4,141,645
Sesotho	7.60%	3,934,563
Xitsonga	4.50%	2,329,675
SiSwati	2.50%	1,294,264
Thshivenda	2.40%	1,242,493
IsiNdebele	2.10%	1,087,182

### 3) Die bevordering van amptelike tale.

Niks word in beide die wet en die regulasies gesê oor wat gedoen moet word om amptelike tale te bevorder nie. Ons is van mening dat amptelike tale die volgende moet bevat of dat stappe in plek gestel moet word om dit te bereik:

As die betrokke wet hom gaan bepaal by “gebruik van amptelike tale”, sou ’n belangrike voorvereiste wees om baie duidelik te definieer wat of wanneer ’n taal ’n amptelike taal is alvorens wetgewing oor die gebruik daarvan vasgestel word. Dit wil voorkom of die wetgewer vir sy eie gerief eers gaan bepaal wat die “ amptelike tale” gaan wees en dan dit aan provinsies, instellings en instansies gaan oorlaat om taaleenhede en taalbeleide vas te stel wat iemand sonder enige taalkennis tevrede moet stel. Die kenmerke/vereistes waaraan ’n taal moet voldoen om ’n volwaardige amptelike taal te kan wees.

1. Die taal moet reeds ’n gestandaardiseerde variëteit besit waarvan die spelling, skryfwyse en woordeskat gestabiliseer is.
2. Die taal moet goed gedokumenteer wees in verklarende en vertalende woordeboeke sodat andertaliges maklik toegang het tot kennis oor die betrokke taal.
3. Die taal moet oral in die land gebruik kan word.
4. Die taal moet kan funksioneer as ’n doeltreffende voertuig vir bestuur en administrasie .
5. Die taal moet oor die woordeskat vir regspleging beskik
6. Die taal moet oor die woordeskat beskik om as medium van opvoeding op primêre, sekondêre en tersiêre vlak te dien.
7. Die taal moet as ’n kommunikasiemiddel oor kultuur- en taalgrense heen kan dien.
8. Die taal moet simboliese waarde vir ’n beduidende deel van die bevolking besit.
9. Daar moet genoeg behoorlike opgeleide persone wees wat die taal as skoolvak te kan aanbied.
10. Die taal moet oor die nodige terminologie beskik om wetenskap te bedryf.
11. Die taal moet gebesig word deur mense wat tegnologie en ekonomies waardevolle dienste in belang van die totale bevolking kan bied.

Dit kan sonder skroom gesê word dat Engels en Afrikaans al die komponente bevat en dat sommige van die ander amptelike tale sommige van die komponente. Beide die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale en die regulasies wat die Wet verder omskryf moes meer aandag gegee het aan die uitbou van die kapasiteit van al die tale.

Effektief word Engels dus die taal van verstek en twee ander tale, wat nie noodwendig Afrikaans hoef te wees nie, die taal waarin 'n departement of entiteit kan kommunikeer. Terwyl Engels die verstektaal sal wees, sal die absolute minimum gedoen om twee ander amptelike tale op een of ander wyse te gebruik.

#### 4. Ander aspekte van belang

- Daar is baie min remedie wat uitgeoefen kan word, indien ander amptelike tale afgeskeep of glad nie gebruik word deur 'n nasionale departement of openbare entiteit nie.
  - Wat as daar Staatsdepartemente, openbare entiteite en openbare ondernemings is wat nie binne 18 maande 'n taalbeleid aanvaar nie?
  - Wat is die straf of sanksie as 'n nasionale openbare entiteit of 'n openbare onderneming nie voldoen aan van die ander vereistes van die Wet nie?
  - Wie gaan monitor of die staat op nasionale en provinsiale vlakke sy verpligtings tov die Wet uitvoer? Dit wil voorkom asof Grondwetlike instansies soos PANSALB en die **Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur, Godsdiens en Talgemeenskappe** geen of min bemagtiging ontvang deur die wet of selfs erken word nie. Die Wet en die regulasies kon die instellings beter bemagtig het.
  - Watter remedies gaan bestaan vir nie-nakoming? Na watter gesag kan beswaar of appél aangeteken word?
- Die minister ontvang wye diskresionêre magte, veral wat betref vrystellings van die verpligtinge wat die wet oplê. Daar is te veel ruimte vir vrystelling vir nasionale departemente en entiteite.
- Daar is nie 'n verpligting op staatsdepartemente of ander entiteite om die streeksdemografie van Suid-Afrika in ag te neem of tale proporsioneel te gebruik nie.
- Daar is 'n ernstige leemte in die dringendheid ten opsigte van die taalbeleid van elke instelling. Dit is nie duidelik wanneer die taalbeleide van die betrokke instellings beskikbaar sal wees of in werking moet tree nie.
- Alle taalbeleide moet gepubliseer word in die Staatskoerant. Versoeke vir vrystelling of uitstel moet ook gepubliseer word.
- Verskeie provinsies en ook munisipaliteite het reeds taalbeleide gepubliseer. Dit wil nie voorkom asof taalbeleide van nasionale departemente met provinsiale kantore, dit in ag neem of in eg hoef te neem nie.
- Die meerderheidsprekers van 'n taal behoort te kan aanspraak maak op erkenning van hul taal in 'n provinsie. Die te stigte "taaleenheid" per provinsie as dit 'n outonome gesagsliggaam gaan wees, behoort verteenwoordigend te wees van al die verskillende taalgroepe in 'n provinsie
- Dit moet moontlik wees dat 'n taaleenheid voorsiening maak vir 'n taalbeleid sodat enige persoon in 'n spesifieke provinsie daartoe sal geregtig wees om hom/haar te kan uitdruk in ten minste een van die drie tale in sy/haar provinsie.
- Alle nasionale staatskantore behoort al die dokumentasie in al 11 amptelike beskikbaar te hê. Dit moet van toepassing wees op alle provinsiale kantore van die nasionale departemente.

- Vir doeltreffende kommunikasie met die publiek sal verwag word dat amptenary oor die nodige taalkwalifikasies volgens 'n provinsie se taalbeleid sal beskik om mondelings en skriftelik met enige lid van die publiek te kan kommunikeer.
- Die gebruik van jou moedertaal, is 'n mensereg en moet as sulks erken en beskerm word Beide die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale en die regulasies wat die Wet verder omskryf gee nie gehoor aan die reg nie.

Dit is jammer dat die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale en die regulasies wat die Wet verder omskryf nie die geleentheid tot die bevordering van al die amptelike tale gebruik het nie. Daar is enorme ruimte vir verbetering op die regulasies maar sonder behoorlike wetgewing kan die beste regulasies nie behoorlik geïmplementeer of nagekom word nie.

Die netto effek van beide die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale en die regulasies is dat Engels se status net nog verder gaan verstewig terwyl lippediens bewys word aan die ander amptelike tale.